Verwysing: 20190301-2312
Lêernommer: 12/2/8/17/1/2
Navrae: K Lackay

Inrigtingshulpbrononderstеuningsminuut: 0002/2019

Aan: Hoofdirekteure: Distrikte, Distriksdirekteure, Adjunkdirekteure: Korporatiewe Dienste (distrikskantore), Kringbestuurders, Prinsipale en Voorsitters van beheerliggame van gewone openbare skole

Onderwerp: Jaarlikse verifikasie en bevestiging van leerders wat op die Sentrale Onderwysbestuursinligtingstelsel (SOBIS) gelys is en van Leerdervervoerskemas (LVS's) gebruik maak

1. Die name en oplaaipunte van leerders in gewone openbare skole wat gematig is om gebruik te maak van 'n Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD)-befondsde Leerdervervoerskema (LVS), word op 'n deurlopende basis op SOBIS vasgelê.

2. Sodra leerders goedgekeur en gemagtig is om van LVS's gebruik te maak, word leerders se name en oplaaipunte deur die verantwoordelike Hoofkantoor-amptenare op die LVS-databasis op SOBIS vasgelê. Indien leerders egter van een skool na 'n ander skuif of skool aan die begin of einde van 'n skooljaar verlaat, moet die LVS-databasis op SOBIS aangepas word om die name van die oorblywende gemagtigde leerders te vertoon. Hierdie belangrike aanpassing verseker dat die korrekte name en hoeveelheid leerders per LVS-roete op die LVS-databasis op SOBIS vertoon word.

3. Om die bogenoemde redes, begin die WKOD gedurende die eerste kwartaal van 'n skooljaar 'n jaarlikse proses om die oorblywende name van leerders te verifieer en te bevestig wat gemagtig is om LVS's op 'n bepaalde LVS-roete by die skool te gebruik.

4. Alle gewone openbare skole met WKOD-befondsde LVS's word dus hiermee versoek om die name van leerders wat tans gebruik maak van die WKOD-befondsde LVS's by die skool, te vergelyk met die name van leerders wat op die LVS-databasis op SOBIS vasgelê is.

5. Die volgende teenstrydighede kan gevind word: leerders wat die skool verlaat het, maar wie se name nog steeds op die LVS-databasis op SOBIS aangedui word, of

leerders wie se name nie op die LVS-databasis op SOBIS aangedui word nie, maar tans van die LVS gebruik maak.

6. Om toegang tot die leerders se inligting vir elke roete op SOBIS te verkry, moet die volgende prosedure gevolg word:
    - Verkry toegang tot SOBIS.
    - Op die kieslys, hou die wyser oor die "Administration"-opskrif. Die "Learner Transport"-opsie sal op die aftreklys verskyn.
    - Beweeg die wyser oor die "Learner Transport"-opsie en die "Capture Screens"-opsie sal op die aftreklys verskyn.
    - Klik op "Capture Screens".
    - Op die volgende skerm, klik "Proceed" sonder om 'n graad te kies.
    - Op die volgende skerm, klik "Summary Section" en kies dan die gepaste roetenommer.
    - 'n Lys sal nou vertoon word wat die gemagtigde leerders op die gekose roete vertoon.

    Indien u bystand benodig om toegang tot SOBIS te verkry, kontak mnr Griffet Fransman by 021 467 2247 of Griffet.Fransman@westerncape.gov.za.

7. Voltooi asseblief die aangehegte Bylae A-dokument deur die volgende aan te dui:
    - Die naam, van, graad, SOBIS-identifikasienommer, LVS-roetenommer en oplaaipunte van leerders wat nie meer van die LVS gebruik maak nie
    - Die naam, van, graad, SOBIS-identifikasienommer, LVS-roetenommer en oplaaipunte van leerders wat tans van die LVS gebruik maak, maar wie se name nog nie op die LVS-databasis op SOBIS verskyn nie

8. U word versoek om die vorm te voltooi en te onderteken, te skandeer en dit teen **14 Maart 2019** aan WCEDLTS@westerncape.gov.za te stuur.

9. In reaksie hierop:
    - Besonderhede van leerders wat nie meer van die LVS gebruik maak nie, sal van die LVS-databasis op SOBIS verwyder word.
    - Besonderhede van leerders wat vir vervoer kwalifiseer, kan deur die WKOD op SOBIS vasgelê word tot en met die maksimum hoeveelheid leerders waarvoor die leerdervervoerroete goedgekeur is.

10. U ondersteuning in hierdie saak word waardeer.

GETEKEN: S ABRAHAMS
WAARNEMENDE ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: ONDERWYSBEPLANNING
DATUM: 2019-03-07

CONFIRMATION OF LEARNERS ON LEARNER TRANSPORT SCHEME ROUTES

To be completed by all principals of schools with Western Cape Education Department (WCED) funded Learner Transport Scheme (LTS) routes and submitted to wcedlts@westerncape.gov.za on or before 14 March 2019. A form must be completed for each route at your school.

Name of school: ……

Route number: ……..

Please tick relevant box:

☐ I, the principal of the above-mentioned school, hereby confirm that the details of the learners currently reflected on the LTS database on CEMIS for the abovementioned route are correct and that they are currently being transported on the relevant route.

☐ I, the principal of the above-mentioned school, hereby confirm that the details of the learners currently reflected on the LTS database on CEMIS for the abovementioned route is not representative of the learners currently being transported on the route.

In the event that the second option above is selected, principals must complete the detail of the learners in the tables below. Should the number of learners exceed the space allocated in the below tables, please attach the learners details as an addendum to this form.

Please indicate the details of the learners who are listed on the LTS database on CEMIS, but no longer make use of WCED funded learner transport:

	Surname	Name	grade	CEMIS number	Pick-up point
1					
2					
3					
4					
5					

Please indicate the details of the learners who are not reflected on the LTS database on CEMIS, but make use of WCED funded learner transport at your school. Only learners who qualify to be transported in terms of the LTS Policy, fall within the current authorised maximum learner number of the route and are picked-up at current authorised pick-up points may be listed below.

	Surname	Name	grade	CEMIS number	Pick-up point
1					
2					
3					
4					
5					
6					
7					
8					
9					
10					
11					
12					
13					
14					
15					

TO BE COMPLETED BY PRINCIPAL

I hereby confirm that the information provided above is correct. Should the indicated amendments be effected, the LTS database on CEMIS will reflect the actual learners making use of the transport services on this route.

Comments: ……

……

Principal's signature: ……

Date: ……

School Stamp

This annexure is available in Afrikaans and Xhosa on request.